Saterdag **17 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35**

**Fokusgedeelte: Matteus 18:21-35**

**God het ons vrygemaak!**

Die geskiedkundige rede waarom God wel sommige mense – die gelowiges – vryspreek van hulle sondeskuld, is genade! Genade verwys daarom nie na iets algemeens, adresloos en grensloos nie, maar genade verwys na iets konkreets, iets wat by ’n spesifieke adres, by ’n spesifieke persoon gebeur, as God dit skenk. Genade verwys na die spesifiek persoonlike toekenning van die uitwissing van ’n spesifieke persoon se skuld deur die dood van Jesus. Die oorspronklike betekenis van die woord, wat met skuldbewys of skuldbrief vertaal is, verwys na ’n dokument wat met die hand uitgeskryf is – ’n skuldrekening.

Daarom die blye nuus – God het die skuldbewys van ons sonde met sy eise teen ons tot niet gemaak. Dis ’n baie sterk woord wat hier gebruik word – soos elimineer – totaal uit die weg geruim, met geen voetspore, geen stof wat oorgebly het nie. Dis weg asof dit nooit bestaan het nie. Die man stap vry uit. Hy mag nie sy skuldenaar gryp nie.

Toe Christus aan die kruis gespyker is, het God die Vader Jesus in ons plek sonde gemaak, as sondaar behandel. Paulus verwys in Kolossense 2 na ’n gebruik destyds waar daar ’n gat deur die skuldbewys, wat in die skuldeiser se besit gehou is, met ’n spyker of skerp voorwerp gekap is. ’n Skuldbewys met ’n gat in is nie meer as geldig beskou nie. Met ’n skuldbewys met ’n gat in kon geen skuldeiser skuld bewys nie.

As ons bid vir vergiffenis, dink ons mos dat die gebed geld vir al ons sonde uit die verlede tot op daardie oomblik, maar dis nie waar nie, dis ook vir dit wat ons in die toekoms sou doen. Daarom het ons ’n plig om mekaar te vergewe.

*Sing: Psalm 107-1:1, 7*

*Dr. PK (Pieter) Lourens (Emeritus)*